PLIGTE VAN SPELERS

Elke spanlid is verantwoordelik vir sekere pligte

Speler no. 1 : **DIE EERSTE**
Die eerste plaas die mat in die posisie soos verlang deur die skipper, lewer die witte af en sentreer dit met die skipper se hulp. Die eerste speel slegs trekskote na die witte. (Etk.Terwyl sy opponent die witte sentreer, plaas die eerste sy bal voor langs hom).

Speler no. 2 : **DIE TWEEDE**
Die tweede speel hoofsaaklik trekskote soos deur die skipper aangedui, maar moet soms ’n vinniger skoot of posisionele bal kan speel. Die tweede teken die telling op die telbord aan. (Etk.Die tweede plaas die derde se eerste bal op die mat.)

Speler no. 3 : **DIE DERDE**
Indien nodig, meet die derde die skote aan die einde van ’n skof. Die derde moet ’n verskeidenheid van skote kan speel. Die derde help met die aanbring van die telling op die telbord. Die derde staan die skipper by, maar gee raad slegs wanneer daarvoor gevra word.

Speler no. 4 : **DIE SKIPPER**
Die skipper is in beheer van die span en spanlede behoort sy instruksies uit te voer. Die skipper reël die ontwikkeling van die kop deur die aanvra van spesifieke skote. Hy behoort ’n bedrewe taktikus en verstandige leier te wees. Die skipper moet bewus wees daarvan dat eensgesindheid en spangees die grondslag van goeie spanwerk is. Hy moet ’n grondige kennis van die reëls hê. Die telkaart is die skipper se verantwoordelikheid.

BEGINNERS NEEM KENNIS

Beginners behoort kennis te neem van die belangrikheid daarvan om die trekskoot te bemeester. Hulle is soms haastig om in ander posisies te speel maar word afgeraai om te haastig te wees, aangesien oorhaastigheid bestendige vordering kan belemmer om die trekskoot te bemeester. (die belangrikste skoot in die spel).